

BERESHIET<sup>1</sup> (GENESIS)

Moeilik herkenbare name in hierdie boek:

Gawwah (Eva)	Hevel (Abel)
Kayien (Kain)	Leah (Lea)
Avram (Abram)	Avraham (Abraham)
Ganog (Henog)	Shem (Sem)
Amorah (Gomorra)	Yehudah (Juda)
Avimeleg (Abimeleg)	Yietsgak (Isak)
Yaakov (Jakob)	Rievkah (Rebekka)
Gevron (Hebron)	Yiesraël (Israel)
Yieshmaël (Ismael)	Ruven (Ruben)
Garan (Haran)	

**Beresbiet / Genesis 1:1** In die begin het Elohiem die hemel en die aarde geskape. 2 En die aarde was woens en leeg, en duisternis was oor die oppervlakte van die bruisende diepte, en die Gees van Elohiem het gesweef oor die oppervlakte van die waters. 3 En Elohiem het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. 4 Toe sien Elohiem dat die lig goed was. En Elohiem het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; 5 en Elohiem het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag. 6 En Elohiem het gesê: Laat daar 'n lugruimte wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. 7 Elohiem het toe die lugruimte gemaak en die waters wat onder die lugruimte is, geskei van die waters wat bo die lugruimte is. En dit was so. 8 En Elohiem het die lugruimte hemel genoem. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag. 9 En Elohiem het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel, sodat die droë grond sigbaar word. En dit was so. 10 En Elohiem het die droë grond aarde genoem, en die versameling van die waters het Hy see genoem. Toe sien Elohiem dat dit goed was. 11 En Elohiem het gesê: Laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, ooreenkomstig hulle soorte, vrugte dra, waarin hulle saad is, op die aarde. En dit was

so. 12 Die aarde het voortgebring grasspruitjies, plante wat saad gee ooreenkomstig hulle soorte en bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is, ooreenkomstig hulle soorte. Toe sien Elohiem dat dit goed was. 13 En dit was aand en dit was môre, die derde dag. 14 En Elohiem het gesê: Laat daar ligte wees aan die lugruimte van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vasgestelde tye<sup>2</sup>, asook vir dae sowel as jare. 15 Laat hulle ook dien as ligte aan die lugruimte van die hemel om lig te gee op die aarde. En dit was so. 16 Elohiem het toe die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre. 17 En Elohiem het hulle aan die lugruimte van die hemel gestel om lig te gee op die aarde 18 en om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. Toe sien Elohiem dat dit goed was. 19 En dit was aand en dit was môre, die vierde dag. 20 En Elohiem het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die lugruimte van die hemel. 21 En Elohiem het die groot seediëre geskape en al die lewende wesens wat beweeg, waar die waters van wemel, ooreenkomstig hulle soorte; en al die gevleuelde voëls ooreenkomstig hulle soorte. Toe sien Elohiem dat dit goed was. 22 En Elohiem het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder. 23 En dit was aand en dit was môre, die vyfde dag. 24 En Elohiem het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring ooreenkomstig hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde ooreenkomstig hulle soorte. En dit was so. 25 En Elohiem het die wilde diere van die aarde gemaak ooreenkomstig hulle soorte en die vee ooreenkomstig hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, ooreenkomstig hulle soorte. Toe sien Elohiem dat dit goed was. 26 En Elohiem het gesê: Laat Ons

<sup>1</sup> Bereshiet beteken "In die ('n) begin" en verwys na die woorde in die eerste vers van hierdie boek.

<sup>2</sup> 1:14 Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word, is dieselfde woord wat in Wayyiekra 23:2,4 met "feesty" vertaal word.